**DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID AFRIKA**

**UITSPRAAK**

**SAAK NO:512/12**

**RAPPORTEERBAAR**

**In die saak tussen:**

| | |
|---|---|
| **MARK JACK DEPPE** | **EERSTE APPELLANT** |
| **HENRY JOHN DOUMAN** | **TWEEDE APPELLANT** |

**en**

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | **RESPONDENT** |

| | |
|---|---|
| **Neutrale verwysing:** | *S v Deppe & Douman* (512/2012) [2013] ZASCA 4 (7 Maart 2013) |
| **Coram:** | Malan AR, Schoeman en Van der Merwe WnRRA. |
| **Datum aangehoor:** | 15 Februarie 2013. |
| **Datum van uitspraak:** | 7 Maart2013 |
| **Opsomming:** | **Strafproses — enkelgetuie — of direkte getuienis van enkelgetuie en omstandigheidsgetuienis voldoende is om skuldigbevinding te regverdig.** |

---

## BEVEL

**Op appèl van:** Wes- Kaap Hooggeregshof (Moosa R en Smit WnR op appèl).

Die appèl word van die hand gewys.

## UITSPRAAK

SCHOEMAN WnAR (waarmee MALAN AR en VAN DER MERWE WnAR saamstem).

[1] Hierdie appèl is gerig teen die appellante se skuldigbevinding op ‘n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal in die streekhof, Bellville. Hulle appèl na die hooggeregshof (Moosa R en Smit WnR) is van die hand gewys. Die appellante kom in hoër beroep met verlof van die hof benede.

[2] Die twee appellante en ene Vos het in die streekhof op verskeie klagte tereg gestaan. Vos was die eerste beskuldigde en die appellante onderskeidelik beskuldigdes twee en drie. Drie klagtes van huisbraak met die opset om te steel en diefstal asook ‘n klagte van roof met verswarende omstandighede is die beskuldigdes ten laste gelê. Vos is ook aangekla van poging tot moord asook

die onwettige besit van ‘n vuurwapen. Na ‘n uitgerekte verhoor is Vos skuldig bevind op drie klagtes van huisbraak met die opset om te steel en diefstal asook aan poging tot moord en die onwettige besit van ‘n vuurwapen. Hy is tot effektiewe gevangenisstraf van 15 jaar gevonnis. Die appellante is skuldig bevind op een klag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Deppe is gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf terwyl Douman gevonnis is tot vier jaar gevangenisstraf waarvan die helfte voorwaardelik opgeskort is.

[3] Die appellante en Vos is skuldig bevind op aanklag 5 naamlik dat hulle op 18 November 1995 by die huis van mnr en mev Smit, in Chavonnestraat 9, Welgemoed ingebreek het en daar onder andere, ‘n wit Mazda bakkie, ‘n faksmasjien, ‘n kluis, verskeie vuurwapens, paspoorte en ‘n identiteitsdokument gesteel het.

[4] In 1995 was Vos ‘n kaptein en Deppe ‘n sersant in die Suid Afrikaanse Polisie Diens. Edward Isaacs was ‘n beriggewer van Vos. Douman was ‘n vriend van Vos en Deppe.

[5] Dit is gemeensaak dat Vos en Isaacs betrokke was by drie inbrake, onderskeidelik in Welgemoed (klagte 5) en Kuilsrivier (klagtes 1 en 3) gedurende die periode 18 November 1995 tot 23 Desember 1995. Die staat se saak teen die appellante het hoofsaaklik berus op die getuienis van Isaacs en mev Vos, die eggenote van Vos, asook getuienis van ‘n lokval wat deur die polisie gestel is om die Mazda bakkie terug te kry en die getuienis daaroor.

[6] In die uitspraak in die aansoek om verlof tot appèl is verlof op ‘n heel beperkte grond verleen. Die hof benede was naamlik van oordeel dat die appellante se betrokkenheid by die lokval wat vir die beskuldigdes gestel is om die Mazda bakkie terug te kry nie noodwendig beteken dat die appellante ook aan die huisbraak en diefstal deelgeneem het nie. Hulle leuenagtige getuienis hieroor is nie noodwendig stawing van hul deelname daaraan nie maar kan ook beteken dat hulle van die inbraak bewus was maar hulle daarvan wou distansieer.

[7] Vos en Isaacs het by ‘n woning in Kuilsrivier op 23 Desember 1995 ingebreek. Vos se bakkie (nie die Mazda bakkie nie) is na die inbraak en nadat Vos en Isaacs op vlug geslaan het, naby die perseel gevind. Daar is verder deur ballistiese toetse bepaal dat 4 koeëldoppies wat op die perseel gevind is deur Vos se vuurwapen afgevuur is.

[8] Vos is arresteer. Na Vos se arrestasie het het Isaacs sy aandadigheid aan Vos se misdrywe aan die polisie openbaar. Nadat Vos op borgtog vrygelaat is het hy Isaacs versoek om ‘n koper vir die Mazda bakkie te vind. Isaacs het Louis Coetzee, ‘n polisiebeampte, en kolonel Campher meegedeel dat Vos ‘n bakkie wat gesteel is wou verkoop. In opdrag van Coetzee en Campher en in hulle teenwoordigheid, het Isaacs Vos geskakel en ‘n afspraak gemaak om hom te ontmoet by die Bellville stasie, aangesien hy kwansuis ‘n koper vir die wit bakkie gehad het. Mnr Jeffrey Dias, ‘n kennis van Coetzee, is genader om as

die voornemende koper op te tree. Dias en Isaacs is saam na die Bellville stasie se parkeerterrein. Die verkoper van die bakkie het nie opgedaag nie en Dias het Isaacs by ‘n openbare telefoon afgelaai om Vos hieroor te skakel. Nadat Isaacs teruggekom het hy Dias gevra om ‘n Fox voertuig te volg.

[9] Dias het die bakkie, wat bestuur is deur Douman, in sy truspieël agter hulle gewaar. By die Bellville stasie se parkeerterrein het Dias vir Vos en Deppe in die Fox voertuig gesien en Isaacs het hom aan Douman voorgestel as die voornemende koper. Dias wou ‘n toetsrit neem. Hy het stilgehou by die plek waar hy en Coetzee afgespreek het die polisie hulle sou arresteer. Kevin Keet en Meyer, polisiebeamptes, asook ander polisiebeamptes het opgedaag en Douman en Dias uit die voertuig laat klim. Douman het begin wegloop en het Keet meegedeel dat hy slegs ‘n saamrygeleentheid gekry het. Die wit bakkie se korrekte nommerplate is binne die bakkie gevind, terwyl die stel nommerplate wat aan die bakkie geheg was aan ‘n voertuig van die Distriks-Kommissaris behoort het. Dias het Coetzee meegedeel dat daar nog twee persone by die Bellville stasie was. Hulle is daarheen en Vos en Deppe is gearresteer asook Dias en Isaacs om die skyn te bewaar. By die polisiestasie het Douman vir Dias aangespoor om weg te hardloop.

[10] Die volgende dag by die polisiestasie het Coetzee bourommel agter op die wit bakkie opgemerk en het onthou dat hy die vorige aand ook bourommel by Douman se huis gesien het. Hy het afsonderlike monsters van die

bourommel op die bakkie en díe by Douman se huis geneem. Hierdie monsters is forensies ontleed en daar is bevind dat dit dieselfde oorsprong het.

[11] Die twee appellante het ontken dat hulle by enige van die inbrake betrokke was. Hulle getuienis was dat, ten tye van hulle arrestasie op 6 Februarie 1996, hulle besig was om Vos by te staan met ‘n polisie-optrede ten einde inligting in te win oor ‘n wapenhandelaar. Hulle het ontken dat Douman die bakkie bestuur het en het beweer dat dit bestuur was deur Dias, wat die gewaande wapenhandelaar sou wees, wat saam met Isaacs by die stasie aangekom het.

[12] Die twee appellante is soos vermeld skuldig bevind. In ‘n deurdagte uitspraak het die landdros die getuienis van die twee appellante en Vos as ongeloofwaardig verwerp. Hy het ook Isaacs as ‘n swak getuie bestempel en sy getuienis aanvaar net tot die mate waarin dit deur die ander getuienis ondersteun is. Hierdie geloofwaardigheidsbevindinge is nie op appèl betwis nie. Op appèl is die betoog beperk tot die argument dat Isaacs só ongeloofwaardig was dat daar hoegenaamd nie op sy getuienis gesteun kon word nie. Indien die getuienis van Isaacs uitgeskakel word, is aan die hand gedoen, was daar onvoldoende getuienis om die appellante skuldig te bevind.

[13] Die belangrikste getuienis teen die appellante het bestaan uit die getuienis van Isaacs, Dias en mev Vos asook omstandigheidsgetuienis. Isaacs het getuig dat beide appellante by die betrokke inbraak teenwoordig was en dat hulle in die

huis was terwyl hy buite waggehou het. Mev Vos het getuig het dat die twee appellante op verskillende geleenthede in die nag gesteelde artikels na haar huis gebring het. Op 18 November 1995 het hulle met 'n wit bakkie by die Vos woning aangekom waar hulle van die goedere wat in die onderhawige inbraak gesteel is, van die wit bakkie afgelaai het. Die omstandigheidsgetuienis het bestaan uit die getuienis van Dias en die ander polisiebeamptes wat teenwoordig was met die arres van die appellante en Vos, toe beslag gelê is op die bakkie; en die forensiese getuienis oor die bourommel wat Douman met die bakkie verbind.

[14] Die getuienis van Isaacs word gekritiseer omdat hy homself en ander getuies weerspreek het. Hy het inderdaad weersprekende getuienis afgelê. As voorbeelde van sy eie weersprekings kan na die volgende verwys word: die plek waar hy wag gehou het buite die huis terwyl die appellante ingebreek het; waarheen die gesteelde goedere na die inbraak geneem is; of Vos hom geroep het om te help om die goedere in die bakkie te laai, al dan nie. In teenstelling met Dias, kon Isaacs nie onthou dat hulle vanaf Bellville stasie gery het om 'n telefoonoproep te maak alvorens die appellante en Vos opgedaag het nie. Isaacs het aanvanklik getuig dat hy nie enige geldelike beloning verwag het vir sy optrede as beriggewer teen Vos nie, terwyl dit duidelik was dat hy inderdaad sodanige beloning te wagte was. Hy het aanvanklik ook getuig dat, ten aansien

van klagte 5, hy slegs een huis aan die polisie uitgewys het, maar dit is duidelik dat hy meer as een huis in daardie straat uitgewys het.

[15] In *S v Mkohle*[1] is die benadering tot weersprekings deur 'n getuie soos volg uiteengesit:

'Contradictions per se do not lead to the rejection of a witness' evidence. As Nicholas J, as he then was, observed in *S v Oosthuizen* 1982 (3) SA 571 (T) at 576B-C, they may simply be indicative of an error. And (at 576G-H) it is stated that not every error made by a witness affects his credibility; in each case the trier of fact has to make an evaluation; taking into account such matters as the nature of the contradictions, their number and importance, and their bearing on other parts of the witness' evidence.'

[16] Die getuienis van enkelgetuies en mededaders moet met versigtigheid benader word. In *S v Hlapezula & others*[2] het Holmes AR die benadering en vereistes by beoordeling van 'n medepligtige se getuienis soos volg gestel:

'It is well settled that the testimony of an accomplice requires particular scrutiny because of the cumulative effect of the following factors. First, he is a self-confessed criminal. Second, various considerations may lead him falsely to implicate the accused, for example, a desire to shield a culprit or, particularly where he has not been sentenced, the hope of clemency. Third, by reason of his inside knowledge, he has a deceptive facility for convincing description - his only fiction being the substitution of the accused for the culprit. Accordingly. . . there has grown up a cautionary rule of practice requiring *(a)* recognition by the trial Court of the foregoing dangers, and *(b)* the safeguard of some factor reducing the risk of a wrong

---

[1] *S v Mkohle* 1990 (1) SASV 95 (A) te 98 f-g.
[2] *S v Hlapezula & others* 1965 (4) SA 439 (A) te 440D-H.

conviction, such as corroboration implicating the accused in the commission of the offence, or the absence of gainsaying evidence from him, or his mendacity as a witness, or the implication by the accomplice of someone near and dear to him . . . Satisfaction of the cautionary rule does not necessarily warrant a conviction, for the ultimate requirement is proof beyond reasonable doubt, and this depends upon an appraisal of all the evidence and the degree of the safeguard aforementioned.'

[17] In *S v Sauls & others*[3] is die volgende gemeld ten aansien van die evaluering van die geloofwaardigheid van 'n enkelgetuie:

'There is no rule of thumb test or formula to apply when it comes to a consideration of the credibility of the single witness (see the remarks of RUMPFF JA in *S v Webber* 1971 (3) SA 754 (A) at 758). The trial Judge will weigh his evidence, will consider its merits and demerits and, having done so, will decide whether it is trustworthy and whether, despite the fact that there are shortcomings or defects or contradictions in the testimony, he is satisfied that the truth has been told. The cautionary rule referred to by DE VILLIERS JP in 1932 [1932 OPD at 80] may be a guide to a right decision but it does not mean "that the appeal must succeed if any criticism, however slender, of the witnesses' evidence were well founded" . . . . It has been said more than once that the exercise of caution must not be allowed to displace the exercise of common sense.'

[18] Die landdros het die getuienis van Isaacs in detail en versigtig ontleed en slegs daarop gesteun in soverre dit gestaaf is deur ander getuienis.[4] Hy het bevind dat Dias 'n uitstekende getuie was. Die uitspraak van die landdros toon

[3] *S v Sauls & others* 1981 (3) SA 172 (A) te 180E—G.
[4] Soos wat ook gebeur het in *S v Selebi* 2012 (1) SA 487 (HHA) para 22--23 en 84.

aan dat hy ook die getuienis van mev Vos met die nodige versigtigheid benader het en dat hy ten regte haar getuienis bevredigend bevind het.

[19] Malan AR het in *R v Mlambo*[5] in 'n minderheidsuitspraak die volgende gesê.

'Moreover, if an accused deliberately takes the risk of giving false evidence in the hope of being convicted of a less serious crime or even, perchance, escaping conviction altogether and his evidence is declared to be false and irreconcilable with the proved facts a court will, in suitable cases, be fully justified in rejecting an argument that, notwithstanding that the accused did not avail himself of the opportunity to mitigate the gravity of the offence, he should nevertheless receive the same benefits as if he had done so.'[6]

[20] Mev Vos se getueinis dat die goedere wat in die onderhawige geval gesteel is by hulle huis aangebring is, word gestaaf deur die gesteelde faksmasjien en ander goedere wat in hulle huis gevind is. Sy het die gesteelde bakkie identifiseer as een van die voertuie waarmee die twee appellante gesteelde goedere by die Vos woning op die aand van die inbraak afgelaai het. Alhoewel hierdie getuienis gedurende kruisvraging afgewater is na 'n 'soortgelyke bakkie', staan dit vas dat daar die betrokke aand net een bakkie ter sprake was. Die afleiding is onafwendbaar dat die bakkie wat in Welgemoed gesteel is, gebruik is om die gesteelde goedere te vervoer en af te laai. Mev Vos het getuig dat sy nie weer die betrokke bakkie gesien het nie terwyl Isaacs

---

5 *R v Mlambo* 1957 (4) SA 727 (A) te 738.

6 Die minderheidsuitspraak is met goedkeuring aangehaal in *S v Rama* 1966 (2) SA 395 (A) te 401C.

getuig het dat hy na daardie inbraak dit die eerste keer weer gesien het die aand van 6 Februarie 1996 tydens die lokval.

[21] Indien die getuienis as ‘n geheel gesien word, is die getuienis van die appellante nie redelik moontlik waar nie. Die appellante se getuienis staan in skerp kontras tot die getuienis van Dias, asook die getuienis van Coetzee, Campher en Keet wat deur die verhoorhof aanvaar is. Die staat het bo redelike twyfel bewys dat Vos die gesteelde bakkie wou verkoop en ‘n afspraak met Isaacs gemaak het om die bakkie aan ‘n voornemende koper te wys. Douman het met die bakkie aangery gekom en hy is arresteer terwyl hy Dias vir ‘n toetsrit geneem het. Vos en Deppe was nie op die toneel ten einde ‘n wapentransaksie te beklink nie, maar om die bakkie te verkoop. Die bakkie forensies verbind met die bourommel by Douman se huis. Die landdros was dus korrek om die getuienis van die appellante te verwerp.

[22] In ‘n artikel deur B C Naude ‘The probative value of post-offence conduct evidence’ (2012) Vol 33 2 *Obiter* 320 op 330 bespreek hy welke afleidings gemaak kan word teen ‘n beskuldigde, in gevalle waar bewys word dat hy leuens gedurende die ondersoek van ‘n saak, of daarna, vertel het:

‘Lies can generally be used to used to discredit the accused’s testimony but not to infer guilt. In this regard a distinction can be drawn between “credibility lies” and “probative lies”. In *Zoneff v R* [[2000] 200 CLR 234 238] Kirby J explains the difference:

"The former are said to be those which, according to their content, affect the credibility of the accused's evidence and thus the weight which the jury may give to other testimony of the accused. In this sense, a conclusion that the accused has lied upon one matter, even peripheral to the offence charged, may make the jury scrutinise with more care (perhaps scepticism) other testimony given by the accused. It might, in this way, contribute *indirectly* to the rejection of the accused's version of critical events and the acceptance of that pronounced by the prosecution. Probative lies, on the other hand, are those 'which naturally indicate guilt . . . a hard test to satisfy' . . . This is a 'hard test' precisely because it is rare that a lie about a particular matter will be so crucial as, of itself, if proved, to establish *directly* guilt beyond reasonable doubt of a criminal offence."'

[23] In *S v Mtsweni*[7] het Smalberger WnAR, die impak van leuens van 'n beskuldigde bespreek en die benadering soos volg uiteengesit:

'Terwyl die leuenagtige getuienis of ontkenning van 'n beskuldigde van belang is wanneer dit by die aflei van gevolgtrekkings en die bepaling van skuld kom, moet daar teen gewaak word om oormatige gewig daaraan te verleen. Veral moet daar gewaak word teen 'n afleiding dat, omdat 'n beskuldigde 'n leuenaar is, hy daarom waarskynlik skuldig is. Leuenagtige getuienis of 'n valse verklaring regverdig nie altyd die uiterste afleiding nie. Die gewig wat daaraan verleen word, moet met die omstandighede van elke geval verband hou. Hierdie benadering is onlangs bevestig in *S v Steynberg* 1983 (3) SA 140 (A) waarin die denkrigting in *R v Mlambo* 1957 (4) SA 727 (A) op 738B-D en die aanvaarde uitgangspunt in *Goodrich v Goodrich* 1946 AD 390 op 396 in oënskou geneem is, en die korrekte toepassing van die *Mlambo*-benadering toegelig is. By die beoordeling van leuenagtige getuienis deur 'n beskuldigde moet daar, onder meer, gelet word op:

[7] *S v Mtsweni* 1985 (1) SA 590 (A) op 593I - 594D.

*(a)* Die aard, omvang en wesenlikheid van die leuens, en of hulle noodwendig op 'n skuldbesef dui.

*(b)* Die beskuldigde se ouderdom, ontwikkelingspeil, kulturele en maatskaplike agtergrond en stand in soverre hulle 'n verduideliking vir sy leuens kan bied.

*(c)* Moontlike redes waarom mense hulle tot leuens wend, byvoorbeeld omdat in 'n gegewe geval 'n leuen meer aanneemlik as die waarheid mag klink.

*(d)* Die neiging wat by sommige mense mag onstaan om die waarheid te ontken uit vrees dat hulle by 'n misdaad betrek gaan word, of omdat hulle vrees dat erkenning van hulle betrokkenheid by 'n voorval of misdaad, hoe gering ook al, gevare inhou van 'n afleiding van deelname en skuld buite verhouding tot die waarheid.'

[24] Pas mens hierdie benadering op die huidige geval toe dan is ek van mening dat die feit dat die appellant as rede vir hulle teenwoordigheid by die stasie ‘n valse verduideliking voorgehou het, daarop dui dat albei bewus was dat die voertuig gesteel was. Dit op sigself regverdig nie die verdere afleiding dat hulle aandadig was aan die huisbraak en diefstal nie. Dit is egter nie die enigste getuienis teen hulle nie.

[25] Mev Vos se getuienis bied stawing vir Isaacs se getuienis dat albei appellante betrokke was by die huisbraak en diefstal van die bakkie en ander goedere, aangesien sy bevestig het dat hulle die gesteelde goedere met ‘n wit bakkie die aand van die inbraak kom aflaai het. Getuienis van sulke resente besit van gesteelde goed laat slegs vir een afleiding ruimte. In *S v Mavinini*[8] is bevind dat die besit van ‘n voertuig binne 24 uur na ‘n roof, tesame met die

---

[8] *S v Mavinini* 2009 (1) SASV 523 (HHA) para 6.

appellant se optrede en vals nommerplaat op die voertuig, sonder 'n aanvaarbare verduideliking van sodanige besit, aandui dat hy noodwendig een van die rowers moes gewees het. In die onderhawige geval is die besit van die bakkie deur die appellante binne enkele ure na die huisbraak en diefstal, insgelyks aanduidend van hulle betrokkenheid daarby.

[26] Ek is van mening dat die kumulatiewe effek van die omstandigheidsgetuienis gelees met die getuienis van mev Vos en Isaacs van so aard is dat die staat daarin geslaag het om die skuld van die appellante bo redelike twyfel te bewys.

[27] Gevolglik word die appèl van beide appellante van die hand gewys.

I Schoeman

Waarnemende Appél Regter

Verskynings

| | |
|---|---|
| Vir Appellant; | M Calitz 1ste Appellant<br>Opdrag deur:<br>Regshulp Suid-Afrika, Kaapstad<br>Regshulp Suid-Afrika, Bloemfontein |
| Vir Respondent: | L J Badenhorst<br>Opdrag deur:<br>Die Direkteur van Openbare Vervolgings, Kaapstad<br>Die Direkteur van Openbare Vervolgings, Bloemfontein |